Vir die Hoërskool:

# Die Pretoria-konvensie en die Konvensie van Londen

deur

G. J. A. KIES

IN 1870 toe Pruise daarin geslaag het om paal en perk te stel aan die bedrywighede van Lodewyk Napoleon van Frankryk en die Franse gevaar dus verby was, het Engeland hom vry gevoel om sy terggeesagtige politiek teenoor die klein Boerestate in Suid-Afrika weer ter hand te neem.

Die Imperialiste seëvier in 1874 by die stembus in Engeland, waardeur Benjamin Disraeli aan bewind geplaas word met lord Carnarvon as Minister van Kolonies. Wat in 1852 as waardeloos in Suidu-Afrika losgelaat is, moes nou weer as beskermgebied verwerf word aangesien Napoleon nie meer dreig nie.

Lord Carnarvon, wat behep was met die gedagte van 'n konfederasie van die Suid-Afrikaanse kolonies en state, het tot die besluit gekom dat sy planne makliker verwesenlik kon word as die Suid-Afrikaanse Republiek geannekseer word. President Burgers se daadwerklike beywering vir 'n spoorweg na Delagoabaai waardeur die Republiek ekonomies volkome onafhanklik sou word en dus 'n gevaar ingehou het vir Kaapse en Natalse handelsbelange, het vereis dat die selfstandige bestaan van Transvaal vernietig moes word.

Sir Theophilus Shepstone aan wie lord Carnarvon die taak opgedra het om die Republiek te annekseer, het as gronde vir sy daad aangevoer die opstand van Sekoekoeni, die houding van die Zoeloes en die ekonomiese nood waarin die Republiek sou verkeer. Op 12 April 1877 neem hy besit van die Republiek in naam van Haar Britse Majesteit.

Die Transvalers het teen hierdie aggressiewe daad van Engeland beswaar gemaak dog dit was eers in Desember 1880 dat die Boere tot dade oorgaan. Die Volksraad van die Republiek het S. J. P. Krüger, M. W. Pretorius en P. J. Joubert tot 'n Driemanskap benoem om as voorlopige Regering op te tree. Kort daarna het die oorlog in Transvaal uitgebreek in 'n poging om die verlore vryheid weer terug te wen. Die glorieryke oorwinning van die Boere oor die Engelse by Majuba het die begin van die herstel van die onafhanklikheid van Transvaal beteken.

Reeds op 28 Januarie 1881 het die Driemanskap aan generaal Colley berig dat hulle tevrede sal wees met „eene opheffing der annexatie, het herstel van de Zuid-Afrikaansche Republiek onder het beschermheerschappij van H. M. de Koningin, zoodat eens per jaar de Britsche vlag zal geheschen worden". Op 6 Maart 1881 word 'n wapenstilstand gesluit.

Lord Kimberley, die Minister van Kolonies in Engeland, het hom tot 'n skikking bereid verklaar waarvan die grondslag sou wees „Complete self-government under British suzerainty with a British Resident at Pretoria". Die ont-

dekking van hierdie term, gegrond op die voorstelle van die Boere, was 'n handige diplomatiese set van lord Kimberley om 'n algehele nederlaag te verbloem. 'n Koninklike Kommissie sou die susereine regte van Engeland nader uitwerk en maatreëls tref om die belange van die inboorlinge te bevorder. By die vredessluiting van 21 Maart 1881 is ook bepaal dat die bestuur van die land binne ses maande teruggegee sou word.

„Suzerainty" het sir Evelyn Wood gesê, „means that the country has entire self-government as regards its own affairs, but that it cannot take action against or with an outside power without the permission of the Suzerain." Lord Kimberley belowe dat algehele vryheid van optrede aan die Transvaalse Regering gegee sou word in sover dit nie teenstrydig is met die regte wat uitdruklik deur die susereine mag voorbehou word nie.

Die Instruksies aan die Koninklike Kommissie was in die eerste plek rekapitulasie van die Vredesvoorwaardes. Daarby het gekom die vasstelling van 'n grenslyn in die gebied bekend as die Keate-toekenning, die betaling van die openbare skuld van die provinsie en die erkenning van alle wettige stappe wat die Regering geneem het gedurende die Britse besetting. Die negrofiliste het hier hulle invloed laat geld, hulle het gejuig oor die aanstelling van 'n Britse Resident wat die belange van die Naturelle sou beskerm en het die hoop uitgespreek dat die Naturelle in die Boeregebied grond sou kon besit, godsdiensonderrig sou mag ontvang en persoonlike vryhede sou geniet.

Na drie maande werksaamheid, eers in Newcastle en daarna in Pretoria, bring die lede van die Kommissie 'n ontwerptraktaat tot stand wat as die Pretoria-konvensie bekend is, en wat op 3 Augustus 1881 namens die Britse Regering onderteken is deur sir Hercules Robinson, sir Evelyn Wood en sir Henry de Villiers. Paul Krüger, M. W. Pretorius en P. J. Joubert het die dokument, in afwagting van die goedkeuring van die Volksraad, namens die Republiek onderteken.

Volgens hierdie dokument sou „ . . . complete self-government, subject to the suzerainty of Her Majesty, Her Heir and successors . . . " onder sekere voorbehoude, vanaf die agste dag van Augustus 1881 aan die inwoners van Transvaal toegestaan word. Die vryheid wat die Boere tydens die vredesonderhandelings belowe was, was deur hierdie dokument baie aan bande gelê. Die susereiniteit wat Engeland oor Transvaal vestig was van buitengewone uitgebreide aard soos die artikels insake die benoeming en die bevoegdhede van die Britse Resident in Pretoria aantoon.

As susereine mag het Engeland hom in Artikel 2 voorbehou:

„(a) Het recht om van tijd tot tijd te benoemen een Britschen Resident in en voor genoemden Staat;

(b) Het recht om in tijden van oorlog troepen te voeren door genoemden Staat, of ingeval van vrees voor een onmiddelijken oorlog tusschen de Suzereine macht en eenigen Buitenlandschen Staat of Naturellenstam in Zuid-Afrika, en

(c) Het toezicht op buitenlandsche betrekkingen van genoemden Staat, insluitende het aangaan van tractaten en het regelen van diplomatieke onderhandelingen met vreemde mogendheden, moetende zulke onder-

handelingen gevoerd worden door middel van Harer Majesteits diplomatike en consulaire beambten buitenslands."

Die Boere sou 'n verteenwoordiger van Engeland, wat hom nie sal inmeng in die binnelandse bestuur van die land nie, in Transvaal verwelkom het, aangesien dit hulle sou vrywaar het van onregverdige kritiek. Die Koninklike Kommissie het egter uitgebreide magte aan die Resident, as verteenwoordiger van die Suserein in Transvaal, toegeken.

In Artikel 18 van die Konvensie word sy pligte omskryf as gelykstaande met die van 'n Saakgelastigde of Konsul-generaal. Met betrekking tot die Naturelle binne die Transvaal Staat moes hy aan die Hoë Kommissaris rapporteer oor die werking en nakoming van die bepalings van die Konvensie. Aan die Transvaalse Regering moes hy enige gevalle van mishandeling van Naturelle aanmeld, hy moes sy invloed by die Naturelle laat geld ten gunste van wet en orde en sodanige stappe onder die wette van die land neem as wat nodig is vir die beskerming van die besittings van die Naturel sowel as vir sy persoon.

Aangaande Naturelle wat nie in die Transvaal woonagtig is nie, moes hy aan die Hoë Kommissaris en die Transvaalse Regering rapporteer enige inbreuk wat deur ingesetenes van die Transvaal op die grond van sodanige Naturelle gemaak word, hy sou ook die middel van kommunikasie wees met die Naturelle buite die Transvaal en hy sal toesig hou oor die sluit van traktate met hulle. Hy sou ook geskille besleg tussen Naturelle buite die Transvaal en ingesetenes van die Transvaal aangaande oortredings wat buite die grense van Transvaal gepleeg is.

Verder is ook bepaal dat „met betrekking tot het voeren van briefwisseling met Buitenlandsche Mogendheden, zal de Transvaalsche Regeering met Harer Majesteits Regeering correspondeeren door den Britschen Resident en den Hoogen Commissaris". Die Britse Resident was dus by magte om 'n kontrole uit te oefen oor die buitelandse betrekkinge van die Staat, sowel as oor die grensbetrekkinge. Daarby was hy ook gemoeid met die beskerming van die Naturelle in die Staat.

Die beloofde selfbestuur is verder ingekort deur Artikels 3, 13 en 21 van die Konvensie. Artikel 3 het bepaal dat geen toekomstige wetsbeperking aangaande die belange van die inboorlinge, enige krag in die Staat sal hê alvorens Haar Majesteit nie eers haar toestemming daartoe gegee het nie. Die inboorlinge kry onder Artikel 13 die reg om grond te bekom onder voorwaarde dat die oordrag daarvan geregistreer sal word in die naam van die Kommissie vir die Kafferlokasie. Artikel 21 stel die samestelling van 'n Kommissie vir Naturellelokasies in die vooruitsig waarop die President, of by sy afwesigheid die Vise-president ook sitting sou moes neem.

Artikel 1 het die grense van die Republiek bepaal waardeur Swasieland in die ooste vir die Republiek verlore gaan. Ook in die weste waar naastenby die lyn gevolg word wat in die Keate-toekenning neergelê is, gaan gebied vir die Transvaal verlore. Die nuwe grenslyn het dwarsdeur die Naturellegebiede geloop sonder 'n skeiding te maak tussen die kafferstamme onderling. Die gebied van Mankoroane, Montsioa, Massouw en Moshette het buite die Transvaal geval terwyl Machabi, wat Moshette as sy opperhoof erken het, by die Transvaal ingesluit is. Die Bechuanas wat hulle na die verwoestende veldtogte van

Moselikatsi met graagte onder die beskerming van die Republiek geplaas het, word nou vir goed buite die Republiek gelaat en dit in stryd met die feitlike regte van die Republiek oor hierdie gebied en die uitdruklike wense van die Naturelle self. Deur 'n volgende artikel word die Transvaalse Regering gemaan om hom by die grense te hou soos deur die Konvensie bepaal en toe te sien dat sy onderdane nie oortree nie.

Die regte van die Britse lojaliste in Transvaal word deur Artikel 12 gewaarborg. Hulle sou volle eiendomsreg kon hê, onderling besigheid kon dryf en vrye toegang tot die geregshowe sou hulle nie ontneem word nie. Onder andere het die Pretoria-Konvensie verder die gedeelte van die landskuld vasgestel waarvoor die Transvaalse Staat verantwoordelik sou wees (Artikel 10), bepaal dat alle transaksies met betrekking tot grond wat gedurende die Tussenregering gemaak is van krag sou bly (Artikel 31), en neergelê dat die Konvensie binne drie maande deur die Volksraad bekragtig moes word (Artikel 32), waarna die Engelse troepe die Republiek sou verlaat.

Die Engelse wat 'n diepe minagting gekoester het teenoor alle ander volkere, wou deur die Pretoria-konvensie die indruk wek dat die Transvaalse Republiek volkome herstel is en dat dit 'n vrye genadegif was van die absolute Soewereine mag van die aarde. Dr. Leyds noem dit egter geen grootmoedige en algehele teruggawe van die vryheid nie. Dit was „ . . . slechts een compromis, dat zij, (die Boere) willens of onwillens, wel moesten aannemen, een schikking met Groot-Brittanje, waarbij dit Rijk de rol speelde van een bankroetier die zeer goed in staat was, al zijn schulden te betalen, maar bedriegelijk een klein percentage aanbood in voldoening van zijn verplichtingen . . . "

Die uitgebreide magte van die Suserein het die onafhanklikheid van die Staat in sy kern aangetas. Die Volksraad het daarom in September 1881 geweier om die Konvensie te bekragtig. Op 3 Oktober is die Driemanskap dus opgedra om 'n telegram wat die besware teen die Konvensie beliggaam, na Engeland te stuur. Die Verdrag was volgens die Volksraad strydig met die voorwaardes en gees van die Traktaat wat in 1852 by Sandrivier gesluit is. Die Verdrag was ook 'n klare verbreking van die voorlopige vredesvoorwaardes wat die Boere met sir Evelyn Wood aangegaan het. Artikels 2 en 18 van die Konvensie moes verander word sodat Engeland slegs sou toesig hou oor die buitelandse betrekkinge van die Republiek in plaas van die verkeer met vreemde moondhede namens die Republiek volkome vir homself toe te eien.

Hulle voer verder aan dat dit ooreengekom was dat die Staat volkome selfbestuur sou hê, soos dit egter nou lees „maken artikelen 3, 13 en 21 inbreuk op de plechtige overeenkomst". Die skulde waarvoor die Transvaalse Staat verantwoordelik gehou word, is ook sonder behoorlike ondersoek van weerskante in die Konvensie gestel daarom moet Artikel 10 gewysig word. Artikel 20 wat bepaal dat alle grondbriewe buite die grense waardeloos is, dien ook gewysig te word, aangesien die Engelse Regering die eiendomsreg daar vernietig het. Hulle is dus verplig om daarvoor te vergoed, nie die Transvaalse Staat nie.

Artikels wat vir die Volksraad oorbodig was en slegs bereken was om die nasionale gevoel te kwes, was Nos. 15, 16, 26 en 27. In Artikel 15 word slawerny verbied ten spyte van die feit dat dit in die eerste grondwetlike bepalings van die Republiek al verbied is. In Artikels 16, 26 en 27 word alle vryheid van

Godsdiens toegestaan, die vryheid van alle persone gewaarborg en word aan alle ingesetenes toegang tot die geregshowe verleen.

Die besware van die Volksraad wat veral gemik was teen die susereine regte wat Engeland hom onder die Konvensie van Pretoria toegeëien het, het op 13 Oktober 1881 die antwoord van Gladstone ontlok dat aangesien die Konvensie geteken is deur die leiers wat die vredesooreenkoms aangegaan het „ . . . and they having undertaken that the Convention will be ratified within three months, Her Majesty's Government cannot entertain any proposals for a modification of the Convention until after it has been ratified and its practical working fairly tested". Onder hierdie omstandighede gaan die Volksraad oor tot die goedkeuring van die Konvensie uit vrees vir nuwe bloedvergieting tussen volke wat mekaar moes hoog ag.

Die besware van die Volksraad teen die bekragtiging van die Konvensie is spoedig deur die ondervinding bevestig. Die Boere het 'n Republiek dog Groot-Brittanje was hulle Suserein, hulle het 'n staatskuld waarvan slegs 'n deel deur hulleself aangegaan is, hulle kon die Naturelle vir wie hulle verantwoordelik was nie na eie goeddunke bestuur nie en hulle is 'n grenslyn opgedra wat in die middel was van hulle ou grens en die van luit.-goew. Keate. Lord Kimberley het ook gestaan op die kontrole van buitelandse betrekkinge van die Transvaal en het 'n Verdrag wat Transvaal met Portugal lank voor die anneksasie aangegaan het, eiemagtig gewysig.

Die twiste onder die Kaffers op die suidwestelike grens het reeds in Mei 1881 opnuut losgebars. Die stryd het hom uitgebrei sodat Moshette en Massouw sy bondgenoot, te staan gekom het teen Montsioa en Mankoroane. Aan hierdie onluste tussen Massouw en Mankoroane het blanke vrywilligers aan weerskante deelgeneem. Op grond wat boerevrywilligers van Massouw en Moshette verkry het, sou later die twee boererepubliekies Stellaland en Goosen verrys. Toe die Britse Resident in Pretoria teen hierdie kafferkryg protesteer, is hom meegedeel dat die onmoontlike grenslyn soos deur die Konvensie van Pretoria neergelê die oorsaak van hierdie verwikkelinge is en dat solank hierdie grenslyn bestaan die Republiek nie verantwoordelik gehou kon word nie. Geen verdeling van gronde tussen die kafferstamme is gemaak nie. Die Volksraad besluit op advies van 'n spesiale kommissie om die Britse Resident te vra om die grenslyn te laat reël in ooreenstemming met die bestaande traktate tussen die Republiek, Moshette, Massouw en andere.

Op 19 September 1882 bied Massouw en Mankoroane aan om deur die Suid-Afrikaanse Republiek ingelyf te word. Die Republiek wat sy goedkeuring aan hierdie sessie heg, is deur die Britse Resident in kennis gestel dat sy optrede in stryd was met Artikel 1 van die Konvensie wat die grense van die Republiek bepaal en Artikel 18 wat neerlê dat onderhandelings met Naturellehoofde buite die Transvaal deur die Britse Resident moes geskied. Die Republiek het daarenteen gemeen dat sy handelwyse geregverdig was, as die onderlinge twiste tussen die kafferstamme in ag geneem word.

In die Volksraad het Paul Kruger namens die Driemanskap op 8 Mei 1883 daarop gewys dat die tyd om met die Britse Regering te onderhandel oor die wysiging van die Pretoria-konvensie ryp was aangesien sommige artikels daarvan nie die „praktiese toets" kon deurstaan nie en dus onhoudbaar was. Die toestande op die suid-westelike grense in die grondgebied van die latere Betsjoeanaland

was die magtigste dryfveer agter die voorlopige besoek wat dr. Jorissen met goedkeuring van president Kruger aan Engeland bring. Sy onderhandelings met lord Derby, Minister van Kolonies, het 'n gunstige wending aangeneem en hy kon dus in Julie 1883 berig dat die Britse Regering bereid was om afgevaardigdes te ontvang om oor die hersiening van die Konvensie van 1881 te onderhandel.

S. J. P. Kruger, S. J. du Toit en N. J. Smit was die lede van die Transvaalse deputasie wat teen die einde van November 1883 in Engeland aankom. Hulle moes probeer om die Pretoria-konvensie hersien te kry en veral aandring op wegneming van die susereiniteit om sodoende die Sandrivier-traktaat in sy ereplaas te herstel. Dit was nie slegs vryheid en selfregering wat die Transvaal wil hê nie, maar algehele onafhanklikheid.

Die Boereafgevaardigdes het van die begin af daarop gestaan dat daar 'n heeltemal nuwe konvensie tot stand moes kom. Hulle wil die Sandrivier-traktaat erken hê as historiese uitgangspunt vir die nuwe reëlings. Volgens hulle skrywe van 14 November 1883 aan lord Derby sal elke nuwe reëling sonder daardie uitgangspunt „ . . . toch slechts een tijdelijk karakter dragen". Die Verdrag van 1881 was vir hulle 'n Staatstuk wat in oorsprong, praktiese werking en strekking nie aan die vereistes van die land voldoen het nie. Dit was 'n eensydige stuk opgestel deur die Koninklike Kommissie waarin Transvaal ondanks versoek geen verteenwoordiging gehad het nie.

Die afgevaardigdes verklaar ook dat die Verdrag slegs 'n tydelike maatreël was vir die oorgang van 'n toestand van oorlog na een van vrede, dat die Volksraad dit slegs goedgekeur het onder dwang en om bloedvergieting te voorkom en dat die vorige Minister van Kolonies reeds verklaar het dat die Verdrag heroorweeg sou word sodra die praktiese werking getoets is.

Die besware teen die Britse susereiniteit word noukeurig beklemtoon. Die bepaling dat die Britse Resident, die Hoë Kommissaris en Haar Majesteit se Regering geken moet word in besprekings met vreemde moondhede was in die praktyk baie omslagtig en tydrowend. Die bepaling dat onderhandelinge met Naturellehoofde buite die Republiek deur middel van die Britse Resident moes geskied, het veediefstalle laat vermeerder, die diewe kon die buit buite die grense van Transvaal bring voordat handelend opgetree kon word. Die twiste tussen die inboorlinge onderling, buite die Transvaal, word ook deur hierdie toestand aangemoedig en bevorder.

Die werking van die Sandrivier-verdrag is nie vernietig nie maar slegs gestuit deur die inlywing van 1877. Die Verdrag van 1881 het ook slegs 'n tydelike karakter gedra as uitgangspunt vir 'n betere reëling. Op grond hiervan gee die afgevaardigdes wenke ter wysiging van die Pretoria-konvensie aan die hand. Die Konvensie van Pretoria moes vervang word deur 'n nuwe ooreenkoms, gegrond op die beginsels van die volkereg en as uitvloeisel van die Sandrivier-verdrag. In hierdie Verdrag moes alle verband met Engeland nie verbreek word nie maar 'n vry kontrakterende moondheid moes in die plek tree van die verhouding van staatsregtelike afhanklikheid waarin die Transvaal tans tot die Britse Kroon staan. Hulle stel ook voor dat lord Derby van die Republiek alleen die skulde sou eis wat voor die inlywing aangegaan is.

Lord Derby ontken dat die Sandrivier-verdrag nog enige krag besit. Hy was die mening toegedaan dat die voorwaardes daarin vervat grotendeels verdwyn

het voor die inlywing van Transvaal in 1877 en dat dit verval het by die ondertekening van die Konvensie van Pretoria. Hy verwerp egter nie die voorstel dat 'n nuwe Verdrag gemaak moes word nie en hy sou oorweeg of sekere bepalings gelyksoortig aan die Sandrivier-verdrag nie daarin aanvaar kon word nie.

'n Ontwerpverdrag deur die Boereafgevaardigdes word op 26 November 1883 aan lord Derby gestuur. Daarin word die saak van 'n gemeenskaplike Naturellebeleid in Suid-Afrika aangeroer, slawerny sou nie deur die kontrakterende partye geduld word nie en onderlinge geskille sou indien ooreenkoms nie bereik kon word nie, opgedra word aan die Hoof van 'n onafhanklike Staat. Die Engelse Regering kon dit egter nie aanvaar nie, dit was in stryd met die waardigheid van Engeland om as kontrakterende party aangedui te word en buitendien wou Brittanje 'n herhaling van so 'n ongunstige uitspraak soos die van 1875 waardeur Delagoabaai buite hul bereik gebly het, in die toekoms vermy. Brittanje alleen kon die skeidsregter wees.

Die afgevaardigdes het egter tog daarin geslaag om die opheffing van die susereiniteit oor Transvaal te verkry, dog teen 'n dure prys. Sir Hercules Robinson, die Hoë Kommissaris, het sy invloed by lord Derby laat geld en in ruil vir hierdie tegemoetkoming moes die afgevaardigdes toegee aan 'n nuwe suidwestelike grens wat soos hulle wis die onderlinge twiste van die Naturelle in die streek eerder sou vererger as verminder. Die afgevaardigdes wou hê dat die belanghebbende partye in dié streke voortaan onderdane sou wees van die Republiek of van die Kaapkolonie na hulle eie vrye keuse. Lord Derby wil egter slegs hoor van 'n kunsmatige grenslyn wat met geringe afwyking van die Pretoria-konvensie net soos daardie een die grondgebied van die Naturellehoofde middeldeur sny sonder om hulself in die saak te ken.

Deur die grensreëling bly die handelsweë na die noorde buite die Republiek. Dit het hier gegaan om handelsweë en nie om billike aansprake van die Republiek nie. „Sta geen duim gronds aan de Transvaal toe" het Rhodes aan die Kaapse Premier, sir Thomas Scanlen getelegrafeer en Scanlen het sy invloed by lord Derby laat geld. Die Afvaardiging aanvaar hierdie grensreëling dus noodgedwonge dog onder voorwaarde dat hulle nie aandadig gehou sal word vir 'n afbakening wat met geweld sou moes geskied nie en dat die opperhoofde Massouw en Moshette hulle grondregte buite die gemelde lyn behou.

Op 15 Februarie 1884 was 'n nuwe ontwerp-verdrag wat Haar Majesteit se Regering voorstel tot verandering van die Konvensie van Pretoria, beskikbaar. Die aanhef van die Konvensie van 1881 wat die susereiniteit van Engeland oor Transvaal uitdruklik gevestig het met die woorde „ . . . onderworpen aan de Suzereiniteit van Hare Majesteit . . . " is in hierdie nuwe ontwerp-verdrag weggelaat omdat lord Derby 'n einde wou maak aan die susereiniteit.

In sy skrywe van 15 Februarie het hy ook daarop gewys dat deur die weglating van die Artikels van die Konvensie van Pretoria, „zal het aan Uwe Regeering vrygelaten worden, het land zonder tusschenkomst te regeeren, zijn diplomatiek verkeer te regelen en zijn buitenlandsche politiek in te richten, die alleen onderworpen zal zijn aan de bepalingen omschreven in Artiekel 4 van het nieuwe ontwerp, dat geen verdrag met een vreemden Staat van kracht zal zijn, zonder de goedkeuring der Koningin".

Artikel 4 van die Verdrag het deels gelui dat „De Zuid-Afrikaansche Republiek zal geen verdrag of verbintenis aangaan met eenigen Staat of Natie, behalve met den Oranje-Vrijstaat, noch met eenigen Inboorlingen-stam ten oosten of ten westen van de Republiek, voordat het zal zijn goedgekeurd door Hare Majesteit de Koningin". Transvaal sou dus volkome onafhanklik wees in sy binnelandse beleid en wat buitelandse beleid betref, sou Engeland slegs toesig hou op verdrae met ander moondhede wat aan Engeland se belange in Suid-Afrika skade kon doen. Dit beteken dat die susereiniteit opgehef is. Dit word ook bewys deur lord Derby se telegram aan die agerende Goewerneur aan die Kaap waarin die woord „some complete internal independence in Transvaal as in Orange Free State" voorkom.

Dit was nie nodig om uitdruklik in die nuwe Verdrag te konstateer dat die Susereiniteit opgehef is nie, aangesien die artikels wat in die Pretoria-konvensie daarop betrekking gehad het in die nuwe Verdrag verval het. Die Transvaal het geensins deur Artikel 4 van die Konvensie van 1884 'n beperking van sy soewereiniteit ondergaan nie.

Die Konvensie van Londen wat op 27 Februarie 1884 gesluit is, was 'n algehele nuwe Konvensie soos dit tewens ook in die aanhef gestel word. Dit begin met die uiteensetting van die nuwe grensreëling waarby die Suid-Afrikaanse Republiek hom volgens Artikel 2 streng moes hou. Artikel 5 bepaal die skulde van die Republiek terwyl in Artikel 8 slawerny weer verbied word. In Artikel 19 word bepaal dat inboorlinge onder sekere voorwaardes grond kon koop, dat hulle tot die geregshowe toegelaat sou word en dat hulle onder die passtelsel vry kon beweeg in die land en dit met 'n wettige doel kon verlaat. Volgens Artikel 22 moes die Konvensie binne ses maande na die ondertekening daarvan deur die Volksraad bekragtig word anders sou dit verval. Die Volksraad gaan dus oor tot die bekragtiging daarvan op 8 Augustus 1884.

Die Londense Konvensie het hom van die Konvensie van Pretoria onderskei deurdat dit in Hollands en Engels met gelyke regsgeldigheid opgestel is. Die afvaardiging is ook as vry kontrakterende party erken. Deur die opheffing van die susereiniteit het ook die verskillende bepalinge en beperkinge van die Pretoria-konvensie verval. Die Transvalers was dankbaar teenoor wat die afgevaardigdes gedoen het om die verlore vryheid van Transvaal weer te herstel.

Die Republiek was ondanks die beperking van Artikel 4 'n soewereine onafhanklike staat. Hierdie artikel was geen doelbewuste poging van Engeland om die vryheid van die Republiek te beperk nie. Toe Chamberlain dus in 1897 aanspraak maak op Britse Susereiniteit oor Transvaal was dit nie alleen in stryd met die bepalings en gees van die Londense Konvensie nie maar ook in stryd met die volkeregtelike status van die Republiek.

BIBLIOGRAFIE:

Botha, P. R.: Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds, Transvaal 1844-1899, Amsterdam, 1926.
Fisher, W. E. G.: The Transvaal and the Boers, a Brief History, London, 1896.
Heyns, M.: Om die Vryheid van Transvaal, 1877-1881, (Ongepubliseerd).
Jorissen, E. J. P.: Transvaalsche Herinneringen, 1876-1896, Amsterdam, 1897.
Leyds, W. J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal, Amsterdam, 1906.
Leyds, W. J.: Het Insluiten van de Boeren-Republieken, Deel I, Amsterdam, 1914.
Lovell, R. I.: The Struggle for South Africa, 1875-1899, a Study in Economic Imperialism, New York, 1934.
Pieterse, D. J.: Transvaal en Britse Susereiniteit, 1881-1884, Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Derde Jaargang, Deel I, Kaapstad, 1940.
van Oordt, J. F.: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam, 1898.